UITGAWE 9 | JAARGANG 22 | 24 MEI 2024

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

## KONINKRYKSTYD

NG Kerk
Vrystaat

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

**ONDERSTEUNING**
**So ondersteun die Helpmekaar Beurs-fonds my** - *'n onderwysstudent vertel*

## 04 ARTIKELS

**ONDERSTEUNING**
**Skribas vertel** | *Om agter die skerms te werk*

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
**Spiritualiteit Netwerk** | *WINTER-RETREAT Geestelike dissiplines en die eise van die bedieninge*

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
**Ekologie Netwerk (Deel 2)** | *"War on Waste" - Ons oorlog teen afvalvullis*

**VENNOTE IN GETUIENIS**
**Afrika, kontinent van Lig (Deel 4 van 5)** | *ASET-konferensie: Akademiese voordragte*

**VENNOTE IN GETUIENIS**
**Werkgroep vir Islam** | *Die twee nature van Christus*

**AFRIKA-EKUMENE**
**Malawi** | *Member Care-model vir Afrika*

## 05 VERBI DIVINI MINISTER

**EREDIENS NETWERK**
**Janke Hurter** | *Aanbidding as sending?*

## 10 CLARENS HERMITAGE

**LEIERSKAP NETWERK**
**Jan Venter** | *My storie, God se storie en stories van Clarens*

## 11 DIS 'N RING-DING

**Vaalrivier-ring** | *IN PAS help ons AANPAS*

## 13 UIT DIE FAKULTEIT

**FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE (UV)**
**Martin Laubscher** | Nagraadse Diploma in Teologie - *Hoogtepunte*

## 15 MEDIATEEK

**BOEK EN INVENTARIS**
**Braam Hanekom** | *Ons kan uit die hok van armoede ontsnap*

## 17 EKOLOGIE

**Doen wat saak maak, dis maklik!** | *Maak 'n verskil*

## 19 AKTUEEL ALGEMEEN

**19** | *Church Life Survey (CLS-SA)*
**21** | Handleiding vir diensverhoudinge
**22** | Advertensies

## 23 VERJAARSDAE

## 24 OPLEIDING

## 25 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 26 WAT'S NUUS? KALENDER VAKATURES AFLOSLERAARS

## 27 'N LAASTE GEDAGTE

**Johan Marais** | *Koninkrykstyd: Allermins 'n feeslose tyd*

## 28 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Unsplash
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal | Magdaleen du Toit | Enrico Casaleggio
Janke Hurter | Jan Venter
Friedrich Kotzé | Dirk du Preez
Martin Laubscher
Johan Marais | *VrydagNuus*, *Getuienisaksie*, Kaapkerk
*Bybel-Media* | *CLF* | *Kerkbode*

---

## KONINKRYKSTYD

'n Tyd waar ons fokus op die heerskappy en vestiging van God se koninkryk hier op aarde.

**Fil 1:27** | *Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees. As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kan kom nie, sal ek deur berigte hoor dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie ...*

## DAGBOEK DÍT

*WINTER-RETREAT*

Spiritualiteit Netwerk bied aan: **Geestelike dissiplines en die eise van die bediening**

22 - 24 Julie | Moolmanshoek

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 7 Junie**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


## BYDRAES EN NAVRAE

cmclean@ngkvs.co.za

# CELICIA MCLEAN


ngkerkvrystaat.co.za




Foto: **Canva**



# SO ONDERSTEUN DIE HELPMEKAAR BEURSFONDS MY - *'n onderwysstudent vertel*

*Deur Mariëtte Odendaal*

*"Op 'n emosionele vlak gee die beurs my groot gemoedsrus; dit het my bekommernis oor finansies heelwat verlig sodat ek my aandag baie meer op my studies kan fokus."*

*Carla Greyling*
*Onderwysstudent, UV*

Hoe gemaak as dit jou droom is om onderwys (grondslagfase) te studeer, maar die stygende studiekoste laat jou (en veral jou ouers) snags wakker lê? Jy maak jou somme, maar hoop op 'n wonderwerk van 'n kraantjie wat dalk net effens verder oopgedraai kan word; iets wat jou spanning oor finansies beduidend kan verlig.

En dis presies wat met Carla Greyling gebeur het nadat sy van die Helpmekaar Beursfonds gehoor het. Ons het meer gaan uitvind.

### Carla, waar lê jou wortels en hoe het jy op jou studierigting besluit?

"Ek is 'n Vrystater in murg en been. Ek is twintig jaar gelede op Brandfort gebore waar ek ook skoolgegaan het. Aangesien my ouers in 2018 na Bloemfontein getrek het, moes ek in die koshuis agterbly waar ek besig was met my hoërskoolloopbaan aan die Hoërskool Staatspresident Swart.

"In Graad 11 was ek koshuisprefek en moes ek in die onderste gang van die koshuis by die Graad R- tot Graad 4-meisies bly; die hoogtepunt van my hele jaar!

"Hierdie ervaring het 'n deurslaggewende rol in my beroepskeuse gespeel, naamlik om 'n onderwysgraad in die grondslagfase aan die Universiteit van die Vrystaat te studeer."

Lees meer »

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE | AFRIKA-EKUMENE

ONDERSTEUNING



*Mariëtte Odendaal*

Skribas vertel

**Om agter die skerms te werk**

BEDIENINGS-BEGELEIDING



*Magdaleen du Toit*

Spiritualiteit Netwerk

***Winter-retreat***

**Geestelike dissiplines en die eise van die bedieninge**

BEDIENINGS-BEGELEIDING



*Mariëtte Odendaal*

Ekologie Netwerk | 2

**"War on Waste"**

**Ons oorlog teen afvalvullis**

VENNOTE IN GETUIENIS




*Mariëtte Odendaal*

Afrika, kontinent van Lig | 4

**ASET-konferensie**

**Akademiese voordragte**

VENNOTE IN GETUIENIS



*Dr Enrico Casaleggio*

Werkgroep vir Islam

**Die twee nature van Christus**

AFRIKA-EKUMENE



*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*

Malawi

**Member Care-model vir Afrika**

BEDIENINGSBEGELEIDING



# AANBIDDING AS SENDING?

**Deur** *ds Janke Hurter, Erediens Netwerk*

Ons kom pas uit Pinksterfees en staan aan die begin van Koninkrykstyd. In die gemeente het ons met kinderpinkster saam met die jongspan om die wêreld gereis met die Evangelie (Handelinge 1:8). Dit het my laat wonder, wat het sending met liturgie en aanbidding te doen?

Dit is toe dat ek weer die werk van Meyers Ruth, genaamd *Missional worship and worshipful mission* (2014) nadertrek. Ruth noem hoe hierdie twee konsepte dikwels apart en geskei van mekaar verstaan word, met aanbidding as iets wat binne die kerkgebou gebeur en sending wat in die wêreld buite die kerkgebou gebeur.

Daar is verskillende maniere waarop die twee konsepte, sending en aanbidding, met mekaar in verband gebring kan word, afgesien daarvan om sending en aanbidding as twee afsonderlike aktwiteite te hanteer. Een manier sal wees om ons aanbidding te sien as iets wat die doel van sending dien. Dit behels die ontdekking van die genade van God in die erediens, wat individue dring om hierdie Goeie Nuus, die Evangelie, verder te verkondig.

Nog 'n manier waarop die verband tussen aanbidding en sending verstaan kan word, is om ons aanbidding as evangelisasie te sien. Dit is waar ons eredienste en aanbidding só ingerig word dat die behoeftes en begeertes van diegene buite die kerk aangespreek word. 'n Ander manier waarop die verband tussen ons aanbidding en sending verstaan kan word, is om eredienste te sien as 'n platform waar gelowiges opgeroep word om hul naaste in liefde te dien. Volgens Ruth kan die bogenoemde interpretasies gesien word as perspektiewe waar die twee konsepte nader aan mekaar gebring word, maar nog nie waarlik 'n geïntegreerde verstaan reflekteer nie.



***Foto: Ds Janke Hurter** (verskaf)*

**Lees meer »**

die kerkmuise Studio

NG Kerk Vrystaat

**BESPREEK 'N SESSIE**

# POTGOOI | VIDEO

## OPNAME & REDIGERING

***SINODALE DIENSTE NOU BESKIKBAAR***

- Advertensies
- Inligtingsessies
- *Short reels*
- Nuusflitse
- Potgooi-reekse
- Stemopnames


**NAVRAE | (051) 403 6700**

Celicia | cmclean@ngkvs.co.za • Carlie | carlie@ngkvs.co.za




NG Kerk
Vrystaat

*'n Volgende geslag se impak in die Vrystaat is onberekenbaar*

## SAAM MAAK ONS 'N VERSKIL

# HELPMEKAAR VRYSTAAT

**Helpmekaar Vrystaat**
gee jaarliks beurse aan studente
Vanjaar het 92 studente aangeklop
Slegs R 12 855 per student beskikbaar



**SKENK VANDAG**

### DONASIES

NG Kerk Vrystaat ☑
Nedbank
Takkode: 198765
Rek: 1178 097 218
*Verwysing: Helpmekaar*

Van die aansoekers vir 2024 is voornemende

| | |
|---|---|
| Landboukundiges | 05 |
| Onderwysers | 23 |
| Mediese Personeel | 20 |
| Maatskaplike Werkers | 04 |

tbotha@ngkvs.co.za (051) 406 6700




## NATIONAL HEALTH INSURANCE (NHI) BILL SIGNED INTO LAW

Dear Member

President Cyril Ramaphosa **signed the NHI Bill into law on Wednesday, 15 May 2024.** Although the NHI Bill is now considered law, there is no immediate impact on the current healthcare landscape for both private and public healthcare users.

### What happens to the current medical scheme cover?

There is no change in the current medical scheme cover, all members of a scheme will continue to receive health cover from their medical schemes on their plan of choice, in their current form. We caution all members not to withdraw from their current medical scheme plans, withdrawal will lead to no access to private cover through a medical scheme nor access to NHI services. NHI services are yet to be defined.

### Future implications for medical scheme members

While the NHI will redefine healthcare delivery, it may also lead to changes in the private medical scheme industry. Members of medical schemes should be aware of the following implications:

**Implementation timeline:** We expect that the impact on medical scheme members in the short-term may, only be in the form of a removal of the tax credit, possibly in the next tax cycle. It is essential to understand that the adoption of the NHI Bill has **NO immediate effect** on any employer, member, or any medical scheme, its benefits, or contributions. Full implementation of NHI is a long way off with medical schemes still being in existence in its current form for several more years to come.

**Coverage Remains:** The NHI will only be fully implemented in the long term and, as such, medical scheme membership will remain unchanged. The bill envisages that medical schemes will only provide "complimentary services not reimbursable by the NHI", however this may be reviewed only once the NHI is fully implemented. This implies that medical scheme members may not need to adjust their expectations of a medical scheme just yet. Medical schemes still have an important role to play in the coming years, so we urge members to not cancel their private healthcare cover.

**Legal Challenges:** There are numerous comments in the media from entities considering challenging the constitutionality of the NHI. The implications of this are that the bill may be subject to these challenges, which may delay the implementation of the bill even further.

**Government Funding:** Although the removal of the tax rebates is seen as a possible funding vehicle, this is deemed not to be sufficient, in an already constrained fiscus and questions regarding additional funding, such as possible taxation, and the implications to the economy and households may further hamper this process.

### Support for Universal Healthcare

Alexforbes reaffirms its commitment to the principles of universal healthcare, providing quality, affordable and accessible healthcare as a fundamental right for all citizens. The NHI Bill, in its current forms, lacks clarity in terms of how the NHI will be funded, as well as what prescribed services will be covered by NHI. Clarity is sought in terms of how NHI will be funded, and what prescribed services will be covered by NHI, however we stand behind this vision of equitable access for all to quality health care.

### Continued engagement with your healthcare advisor

We understand that discussions around healthcare reform, particularly the NHI Bill, can raise many questions and concerns however as your healthcare intermediary, we are committed to keeping you informed and empowered throughout this process and will continue to do so as things change.

Yours in Health
Alexforbes Health

alexforbes.com

:alexforbes
insight · advice · impact

Alexander Forbes Financial Services (Pty) Ltd is a licensed financial services provider (FSP 1177)
CMS accreditation number ORG 468

BEDIENINGSBEGELEIDING

Die Spiritualiteit Netwerk bied aan

# GEESTELIKE DISSIPLINES
## EN DIE EISE VAN DIE BEDIENING

## *WINTER-RETREAT*

'n *Retreat* vir Vrystaatse leraars word gehou van **Maandag 22 tot Woensdag 24 Julie by Moolmanshoek LDC** in die Oos-Vrystaat, met ds Barry van der Merwe, ervare *retreat*leier: *Die waarde van geestelike dissiplines om die eise van die bediening te hanteer.*

**LET OP DIE VERANDERDE DATUM**



Vir enige dominee wat ernstig is oor sy/haar roeping, wat lief is vir die Here en lief is vir die gemeente, is dit moeilik om die balans te vind tussen werk, huislike lewe, ontspanning en persoonlike geestelike groei. Geestelike dissiplines soos bv. *lectio divina*, joernaalskryf en refleksiegebed is waardevol vir die nodige balans en om uitbranding te voorkom.
Dié *retreat* wil leraars graag voorstel aan en bewus maak van die waarde van **geestelike dissiplines** vir verdieping en groei in hul persoonlike geloofslewe.

**Bankbesonderhede (R500 p/p)**
NG Kerk Vrystaat | Nedbank | Tjekrekening 117 809 7218 | **Verwysing:** "*Winter-retreat*" (plus jou voorletters & van), ***e-pos die bewys van betaling*** *na* ***kuratorium@ngkvs.co.za***

*Bywoning word ruim gesubsidieer deur die Spiritualiteit Netwerk.*
***Slegs 16 plekke beskikbaar****, bespreek dus spoedig by Magdaleen.*

NG Kerk Vrystaat

**Magdaleen du Toit**, netwerk-sameroeper | 083 226 9732, **magdaleen.dutoit@gmail.com**

# CLARENS HERMITAGE

## LEIERSKAP NETWERK




Deur **ds Jan Venter** | Leierskap Netwerk

> "Clarens se weergalose stilte omvou 'n mens in die nag sodat die dag se ervarings diep gebêre word en 'n mens se siel kan rus."

*Clarens Hermitage*

DATUMS

**11 - 15 AUG 2024**

**22 - 26 SEP 2024**

**20 - 24 OKT 2024**

**24 - 28 NOV 2024**

Die Clarens Hermitage bring stories bymekaar. My storie, God se storie en stories van Clarens. Daar is baie stories in dié dorp – vernoem na die Switserse dorp waar Paul Kruger as staatspresident van die Transvaalse Boererepubliek sy laaste dae geslyt het. Dit was 'n kopknik vanaf die destydse stadsvaders vir die rol wat Kruger (toe 'n kommandant) in 1866 gespeel het in die verdryf van die Basoeto's ná hulle vyf boere-'burghers' vroeër in 'n verrassingsaanval gedood het.

'n Mens hoor ook dat Afrikaanse en Basoeto-nasate verskillend na dié geskiedenis kyk.

Dit is deel van wat Clarens se hede meer kompleks maak. Hier bly by die 8 000 mense, die meerderheid van hulle in veel kleiner huisies as wat 'n mens kry in die sogenaamde 'bodorp'. Dog, as een van die plaaslike gidse, Jabu Mokoena, vertel hoe trots hy is op die veranderinge wat hy hier sien en beleef, dan flikker 'n sprankie hoop op dat Mokoena se droom dat almal (ongeag ras of status) saam kan verenig, dalk waar kan word. Op die dae wanneer die laaste stop op die pelgrim-staptog ver van die dorp is, neem 'n plaaslike minibus met sitplek vir 14 mense die moeë siele terug na die kerksaal vir middagete. Hierna is 'n mens vry om die middag na eie behoefte in te klee met rus, joernaal hou of om die 25-plus restaurante, kunsgalerye en boetiek-brouerye rondom die dorpsplein te gaan verken.

**BESPREEK HIER** **Lees meer »**

# *IN PAS* HELP ONS AANPAS

## RING VAN VAALRIVIER

*Deur* ***di Friedrich Kotzé*** *&* ***Dirk du Preez***




**R***inge in samewerking met* ***Sinodale Bedieninge***

*Maandag 6 tot 7 Mei het die Ring van die Vaalrivier 'n IN Pas-kursus aangebied, gelei deur Tom Smith en Nico Swart. Hierdie geleentheid het by Breathe River Retreat naby Parys plaasgevind. Sewentien predikante het hierdie byeenkoms bygewoon. Ons is dankbaar dat ons tydens hierdie geleentheid ook ons kollegas vanuit die Hervormde kerk, ds Annemie McLintock sowel as ds Albertus Carstens van die Metodistekerk, kon saamnooi vir hierdie reis.*

Ds Dirk du Preez deel graag iets van sy belewenis tydens hierdie konferensie.

Met die aankondiging van die twee dae van *IN PAS*-opleiding moet ek eerlik bieg dat ek gewonder het of dit nie dalk nog 'n doodgebore baba in die kerk gaan wees nie. Nog opleiding wat op niks uitloop nie. Maar reeds met die intrapslag kon ek sien ... hier is iets anders! Persoonlik het ek Tom en Nico van die begin af ervaar as gespreksgenote en nie net blote fasiliteerders nie. Hierdie was nie net nog 'n didaktiese sessie nie, maar eerder 'n gespreksreis en tydens hierdie tweedae-reis het Tom en Nico verseker dat ons saam met mekaar groei in God.

Dit was 'n seldsame span mense wat saam om die tafel vergader het, by wie ek kon sien dat hulle ook wonder oor die dinge waaroor ek wonder. Ek is nie alleen nie! En *IN PAS* het ons gekonfronteer met vrae wat ons as leraars nie altyd wil erken ons ook maar oor wonder nie. Asof ons skielik uit ons gemaksones geruk is.

*IN PAS* het my aangegryp. Hier is 'n manier om die gemeente in 'n rigting te neem, op reis te neem soos Tom gereeld genoem het, wat nie net nog 'n preek was nie. Ek is opgewonde. Met sommige van die aktiwiteite was ons reeds besig in die gemeente, maar *IN PAS* het dit net 'n ander geur gegee. *IN PAS* help ons AANPAS.

**Lees meer »**

# HOW 2 STAY

## in the free state

Senekal | Harrismith | Clarens | Kroonstad | Ficksburg | Frankfort | Bloemfontein



**Many are emigrating, others are semigrating, but some are bold enough to embrace the challenge. They are transforming the province little by little - from townships and dysfunctional municipalities to agriculture and large corporations.**

Join us as we engage with a range of tough, hopeful and creative Free Staters as they share how they are working to **turn a Frailed State into a Free State**.



**01 JUNE, SAT**
08:30 - 13:00

**PELLISSIER CHURCH**
6 Vlakfontein Ave, Pellissier, BFN

BETEREINDERS | STAND & WORK TOGETHER | Pellissier Gemeente | HOW2STAY

082 491 2463 | Johan
082 322 5484 | Charles

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

# Nagraadse Diploma in Teologie *Hoogtepunte*

*Inspiring excellence. Transforming lives.*



**Dr Martin Laubscher**
*Departement Praktiese en Missionale Teologie, Universiteit van die Vrystaat*

Van al die groepe studente waarmee 'n mens deur die loop van die jaar te make kry, is die jaarlikse ontmoeting met die studente vir die Nagraadse Diploma in Teologie (*Post-graduate Diploma in Theology*) 'n groot gunsteling onder menige van ons. Daar is talle fasette rakende hierdie groep en program wat ek uitermatig aantreklik vind. Ek noem graag 'n paar, en deel dan ook foto's van hul onlangse besoek aan die fakulteit en toer na NG Gemeentes in die Oos-Vrystaat.

***Die groep is soos Goue Lokkies, nie te groot of te klein nie, maar net reg.***

anjaar is daar 22 studente in die program, waarvan 12 dit voltyds in een jaar aanpak. (Studente wat dit in twee jaar doen, doen Ou en Nuwe Testament, asook Kerkreg-en-Kerkgeskiedenis, Sistematiese Teologie en Etiek; en dan in die tweede jaar is dit Praktiese en Missionale Teologie, asook 'n module in Navorsings-metodologie.) Die volwassenheid en deurleefde kennis wat elkeen van hierdie studente na die tafel bring, is van hoogstaande gehalte.

***Die blokweek se kontaksessies is intens.***

Die dag begin reeds net ná 7:00 in die oggend met studente wat oggendwydings lei (deel van die homiletiek en liturgiek in die program) en dan weer 'n aand-wyding met sonsondergang in die kapel van die fakulteit.

Buiten vir die kwaliteit en ryke verskeidenheid van hierdie wydingsgeleenthede en preke, is dit veral die wyse waarop daar gereflekteer word tydens evaluerings en terugvoersessies wat by my en die res van die groep groot byval vind.

***In die aande was daar 'n verskeidenheid van kuiers –***

hetsy met jou boeke vir 'n toets die volgende dag, tot by 'n besoek aan die planetarium op Naval Hill om die geloof-wetenskap-gesprek 'n bietjie oop te vlek daar onder die Vrystaatse sterrehemel; of dan die volgende aand wyn te proe en te reflekteer oor die spiritualiteit van wynproe.

***Daar is 'n wonderlike diversiteit en balans in die groep.***

Hulle verteenwoordig 'n wye verskeidenheid denominasies, geografiese kontekste en professionele wêrelde. 'n Wye spektrum van mense van oral oor is hier saam in die klas, en die vrae en besprekings rondom die inhoud is uitermate onderhoudend.

**Lees hier »**

# FACULTY OF THEOLOGY AND RELIGION

## INTERDISCIPLINARY CONFERENCE

**Encountering Mary, Mother of Jesus, in South Africa**
**Christian Theological Reflections on Mary: Past and Present**

**4-6 JUNE 2024**

UNIVERSITY OF THE FREE STATE - BLOEMFONTEIN CAMPUS
HOSTED BY THE DEPARTMENT OF OLD AND NEW TESTAMENT STUDIES

## INVITATION TO ATTEND

## PROJECT BACKGROUND

Mary, mother of Jesus, has throughout Christian history played an important role in the formation of Christianity as it is understood today. In the New Testament writings, Mary forms part of the beginning and end of Jesus' life, enclosing his earthly life in the Gospel of Luke and his ministry in the Gospel of John. Mary at the Annunciation becomes the Mother of the Word and the bearer of the body of Christ, whilst in the Fourth Gospel she is traditionally understood to be an integral part to the start of his ministry and witness to Christ's crucifixion. Orthodoxy and Catholicism claim that one cannot fully understand Christ without knowing about Mary, whereas Protestantism and especially Reformed groupings in many contexts - to this day - appear to strongly react or even resist deep engagement with Mary. Aside from her role as virgin mother during the birth of Jesus Christ, it would appear as if Mary has been removed from the right hand of Christ, and subsequently with her the role women have played in the history of Christianity.

Building on Scriptural foundations, the theology of Mary becomes much more complex given the depth of reflection she has inspired; she is traditionally mother and metaphorical bride, yet also visionary, disciple, witness, leader, and comforter. In these various roles Mary has influenced not only early Christian traditions and doctrines; she continues to play a vital role in the lives of millions of Christians around the world up to this day. Despite these varied positions within the Christian tradition, Mary remains an intriguing figure and symbol also outside of the Christian tradition, as popular culture continues to demonstrate.

## KEYNOTE SPEAKERS

**Professor Tina Beattie (Independent researcher, formerly University of Roehampton, UK)**
**Dr Lisel Joubert (Stellenbosch University, SA)**
**Prof Rachel Baard (Union Presbyterian Seminary, USA)**
**Dr Cressida Marcus (University of Oxford, UK)**

## INVITATION TO ATTEND

The three-day conference promises to be an insightful experience with a full programme ranging from perspectives in biblical studies, systematic theology and philosophy, popular culture, visual arts, church history and various contemporary contextual theological angles. We invite all who are curious to listen, learn and engage to register for the conference as an attendee.

***The registration fee of R700 for in-person attendance at the UFS Bloemfontein campus includes all refreshments and daily light lunches. Attendees are responsible for their own travel and accommodation costs. Online attendance is also possible, free of charge.***



## REGISTRATION PROCESS

Complete the registration form via the following link:
https://forms.gle/kgHtFkU9FL4tjA9U7

1) After completing the form, an email will be sent to you.
2) In-person attendees will be required to complete payment via the Karri app. Proof of payment will confirm in-person attendance and enable arrangements for access to campus.
3) Online attendees will receive a secure link to gain access to sessions.

Enquiries: Marina van Biljon
VanBiljonM@ufs.ac.za


**CLOSING DATE FOR REGISTRATION: 29 MAY 2024**

T: +27 51 401 2383 | E: theologyevents@ufs.ac.za | www.ufs.ac.za/theology

# Ons kan uit die hok van armoede ontsnap

**Dr Braam Hanekom (Skrywer)**

*AFRIKAANS / SAGTEBAND / UITREIK/EVANGELISASIE*




"Ontdek die inspirerende inhoud van ***ONS KAN UIT DIE HOK VAN ARMOEDE ONTSNAP***, 'n boek wat die diepste sosiale uitdagings van ons tyd aanraak. Hierdie werk, geskryf deur dr Braam Hanekom, die direkteur van die Sentrum vir Publieke Getuienis, bring die leser na die kern van armoede en bied konkrete oplossings vir die uitweg daaruit. Hanekom, 'n vooraanstaande stem op die gebied van sosiale geregtigheid, neem die leser op 'n reis deur die stryd teen armoede, terwyl hy die rol van die individu en die gemeenskap in hierdie stryd benadruk. Hierdie boek bied nie net 'n analise van die probleem nie, maar ook 'n blik op die moontlike pad vorentoe. Met sy diepgaande kennis en ervaring as leier van verskeie maatskaplike instellings, bied dr Hanekom 'n unieke en insiggewende perspektief op die kwessies wat ons samelewing vandag uitdaag."




CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS

***Oorgeneem uit***
*shop.clf.co.za*

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor


Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**

Vroue Retreat

# Deel van God
## se storie

Moolmanshoek

**FICKSBURG**
**9 - 11 AUGUSTUS 2024**




*AANBIEDER*
**Magdaleen du Toit**

vb
VROUEBEDIENING

NG Kerk
Vrystaat




## Maak 'n verskil

*Oorgeneem uit* ***Getuienisaksie, Kaapkerk***

Ons dink dikwels dat ons as individue geen verskil in hierdie wêreld kan maak nie, want die probleme is net eenvoudig te groot. Daar is so baie gemors in hierdie wêreld, so baie besoedeling en uitwissing van spesies. Die probleme lyk so oorweldigend dat ons maar eerder moed opgee en niks doen nie. Kan ons as individue regtig 'n verskil maak? Maak dit wat ons wel kan doen regtig enige impak op die groter krisis? Die antwoord op hierdie vraag is 'n onomwonde JA! As ons ALMAL saamstaan, kan die hele wêreld 'n beter plek word om in te woon. Baie dankie aan dr Rudolph Scharneck vir sy inspirerende bydrae uit Getuienisaksie (Wes-Kaapland) se Taakspan Ekologie-argief oor wat gedoen kan word.

Kyk na 'n kort video daaroor HIERONDER.

**Loer hier »**

# WINTER

## HOPE • HOOP

## 1 JUNIE - 30 JUNIE

**Verwarm 'n hart hierdie winter en word deel van 'n nasionale inisiatief om middele in te samel, wat mense in jóú omgewing, in hul nood kan help.**

Kontak ons vandag om deel te word

NG Kerk Vrystaat

Ds De la Harpe le Roux

083 232 1051 | dlh@ngkvs.co.za

22 Mei 2024

**CLS-SA: DIE STEM VAN LIDMATE**

Stel jy belang om te weet wat die stand van geloof in jou gemeente is? Weet jy hoe die verskillende ouderdomsgroepe se geloofsbehoeftes in jou gemeente verskil? Wonder jy hoe jou gemeente dink oor die kerk se betrokkenheid by aktuele sake?

Die Church Life Survey (CLS-SA) bied jou die geleentheid om die antwoorde op hierdie vrae vanuit jou gemeente te kry.

Die projek behels dat gemeentelede, tydens 'n erediens, geleentheid kry om 'n vraelys te voltooi. Alle lidmate bo 15 jaar kan hieraan deelneem. Dit vra net 'n eerlike opinie deur die inkleur van 'n blokkie. En, dis vertroulik.

Hierdie vraelys bevat vrae oor lidmate se betrokkenheid by die gemeente, hulle persoonlike geloofsgroei en ervarings, asook hulle belewenis en verwagtings van die gemeente. Die data gee verder waardevolle inligting oor die demografiese samestelling en tendense binne die gemeente: ouderdomme, opleidingsvlak, gender verspreiding, en bande met die gemeente. Gemeentelede se opinies oor die roeping van die gemeente binne die kerk en samelewing word ook gereflekteer.

Nadat die voltooide vraelyste verwerk is, ontvang elke gemeente sy eie profiel wat 'n prentjie gee van die bedieningspraktyke en die stand van geloof in die gemeente. Gemeentes dui aan dat hierdie resultate hulle help om leemtes raak te sien en die nodige aanpassings te maak. Die resultate konsentreer egter nie net op areas wat aandag nodig het nie, maar wys ook die gemeente se sterk punte en effektiewe bedieningspraktyke uit.

Die Church Life Survey is nie sommer net nog 'n stukkie navorsing wat in die NG Kerk gedoen word nie. Die projek het reeds 10 jaar gelede onder leiding van die taakspan navorsing van die AS begin. Gemeentes wat deelneem aan hierdie projek getuig van tevredenheid met die resultate. Dit stel hulle in staat om hulle bediening beter en meer doelgerig te in te rig.

**Enige navrae kan gerig word aan: Ester Steyn**
**Kantoor van die Algemene Sinode**
**cls-sa@ngkerk.org.za**
**0823254088**







mission ミッション missie
JAPAN

**GEDRING DEUR CHRISTUS SE LIEFDE OM BRUGBOUERS TE WEES IN JAPAN**

www.missiejapan.co.za

# NG Kerk Vrystaat verwelkom Missie Japan in Suid Afrika 24 Mei 2024 - 7 September 2024

## 'n Woord van Dank
感謝の一言

Missie Japan is 'n vrywillige geloofsaksie en die werk in Japan bly ten volle afhanklik van jou ondersteuning. Ons waardeer opreg elkeen se gebede, meelewing en betrokkenheid by ons.

**Ons verkondig nie onsself nie maar, Jesus Christus as die Here, en onsself as julle dienaars ter wille van Jesus"**
2 Korintiërs 4:5

## Missie Japan Bankbesonderhede
ミッション・ジャパンの銀行口座

**Rekeningnaam | Missie Japan**
**Bank | ABSA**
**Takkode | 632005**
**Rekeningnommer | 4049690248**
**Verwysing | Eie Naam en Van**

## Kontak ons Medewerkers
宣教師へのお問い合わせ

**Stéphan**
jsvdwatt@gmail.com
**Carina**
cvdwatt@gmail.com

**Tobie**
tobiedewet@hotmail.com
**Annalie**
annaliedewet1@gmail.com

mission ミッション missie
JAPAN

www.missiejapan.co.za


# FEITE EN FOUTE OOR KERK, GELOOF BEKYK

***Oorgeneem uit** die elektroniese Christelike Kernensiklopedie (eCKE)*

Die **elektroniese Christelike Kernensiklopedie (eCKE)** is die verbeterde, opgedateerde en aangevulde elektroniese weergawe van die gedrukte CKE wat in 2008 by Lux Verbi.BM in samewerking met Bybel-Media verskyn het. Die eCKE is 'n eerste van dié aard wat van meet af aan in Afrikaans geskryf is. Dit wil 'n sleutel wees dat jy God, sy Woord, sy kerk, die wêreld, die geskiedenis, jou land, jou geloof en jouself 'n bietjie beter kan verstaan.

**Lees hier »**




# HANDLEIDING VIR DIENSVERHOUDINGE IN GEMEENTES

***Oorgeneem uit** ©2022 NG Kerk in Oos-Kaapland*

Die hersiene 2022-uitgawe van die **Bestuursgids vir die NG Kerk**, 'n handleiding vir die bestuur van diensverhoudinge, is deur die Algemene Taakspan Predikantesake bekendgestel. Dit is werklik 'n belangrike bron van inligting vir diensverhoudingekommissies in gemeentes. Die vorige uitgawe dateer uit 2010.

**Lees hier »**




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




# FONDSINSAMELING VIR:

bible society of south africa
bybelgenootskap van suid-afrika

**Op 9 Junie 2024, draf ons lidmaat Christo Brink sy 34ste Comrades Marathon. Jy kan hom borg per km of met 'n vaste bedrag. Al die fondse word geskenk aan die Bybelgenootskap.**

Indien hy nie vanjaar se wedloop van 85.91km kan voltooi nie, sal hy self die totale beloofde bedrag skenk.

NG Kerk Jacobsdal

Kontak die kerkkantoor of Ds. Mias 083 739 5323 om jou bedrag wat jy gewillig, deur te gee



Klik hier »

# VERJAARSDAE



VEELS *geluk*

NG Kerk Vrystaat

## MEI


| | | |
|---|---|---|
| Ds Pieter-Mohr van Niekerk | **KROONHEUWEL-NOORD** | 26 |
| Dr Hannes Els | **KROONSTAD-SUID** | 29 |
| Ds Anton Jacobs | **ARLINGTON & LINDLEY** | 30 |

## JUNIE

| | | |
|---|---|---|
| 01 | Ds Phillip Garbers | **BULTFONTEIN-OOS** |
| 03 | Ds Bergh Müller | **WILGEHOF** |
| 04 | Mev Danielle van Heerden | **SINODALE KANTOOR** |
| 05 | Dr Bertus Celliers | **RIETFONTEIN (WINBURG)** |

**WENSE VAN VOORSPOED, GOD SE SEËNINGE EN GENADE VIR DIE NUWE LEWENSJAAR**

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




## GEMEENSKAP VAN DIE HEILIGES

27 Mei & 3 Junie

20 VBO-punte

Aanlyn webinaar
09:00 - 14:00
R250 p/p

Lees meer +
**Registreer** +




## PASTORALE BERADINGS-KURSUS

28 Mei

5 VBO-PUNTE

Zoom-aanbieding
Prof Wentzel Coetzer
R250 p/p

Lees meer +
**Registreer** +




## AANBID ORAL - GEBRUIK KUNS WEBINAAR

30 Mei

2 VBO-PUNTE

per webinaar
'n Aanlyn gesprek
09:00 - 10:00

Lees meer +
**Registreer** +




## MOEILIKE PASTORALE SITUASIES

4 - 6 Junie

30 VBO-punte

Aanlyn webinaar
09:00 - 14:00
R250 p/p

Lees meer +
**Registreer** +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

JAARVERSLAG | PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE




**TOIBO**

*Jaarverslag 2023 - 2024*

IN GELOOF VERANKER

**Publikasie**

*Ligvoets*

Bybel-Media

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

**Publikasie**

*My hart se baie punte*

Bybel-Media

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

**Dana Snyman | 'Jy is meer 'n mens as 'n orrelis wanneer jy op 'n begrafnis speel'**
*Kerkbode / 21 Mei 2024 / Dana Snyman*

**Uit my Kerkdagboek: 'Ek is' en wie óns in Pinkstertyd word ...**
*Kerkbode / 16 Mei 2024 / Rubrieke / Jan Lubbe*

**Ma kry gesonde baba ná chemo: 'Ek het geveg vir my baba en vir myself'**
*Kerkbode / 10 Mei 2024 / Nuus*
*Heléne Meissenheimer*

**Data wys Suid-Afrikaners se lonte is kort + Só verander NG Kerk sedert einde van apartheid-era**
*Kerkbode / 10 Mei 2024 / Nuus / Le Roux Schoeman*

**Politieke ekonoom aan gemeenteleiers: Dis tyd vir spaar eerder as uitgee met belastingbetaler wat dit meer en meer ontgel**
*Kerkbode / 9 Mei 2024 / Nuus / Le Roux Schoeman*

PODSENDING
**Kerkbode op 175: 'n Unieke blik op als van Runderpes, maanlanding, eerste demokratiese verkiesing en teologiese meningsvorming**
*Kerkbode / 8 Mei 2024 / Artikels*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NUUT

## GEMEENTEGEBEURE

**Kalender** | Belangrike datums

**2024**

**ADVERTEER AANLYN** HIER
of stuur 'n e-pos aan skakel@ngkvs.co.za

www.ngkerkvrystaat.co.za

NUUT

## VAKATURES

NG Kerk Vrystaat

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

## VAKATURES

kerkbode

woes@mweb.co.za | **023 342 6030**

## AFLOS

NG Kerk

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

## Algemene Sinode 2023



Kerkorde & Reglemente

Handelinge

Bestel Eksemplare

# Koninkrykstyd
# *Allermins 'n feeslose tyd*

**Deur ds Johan Marais**
*Medeleraar van NG Gemeente Berg-en-Dal*



**Foto:** *Ds Johan Marais (verskaf)*

*10 **"'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed."***

- JOHANNES 10:10 AFR83

Dit is Maandagmiddag, oomblikke voor die Pinkster-biduur. Oorhaastig kom my motor tot stilstand … amper laat … nog baie wat moet gebeur. Daar is reeds heelwat motors in die parkeerterrein voor die kerk, maar iets is anders as gewoonlik. Daar is lewe op die terrein en ek verstom my 'n oomblik daaraan. Elke keer wanneer 'n motor tot stilstand kom, vlieg die agterste deure oop en jong lyfies borrel uit, terwyl ma nog 'n laaste paar bevele (tevergeefs!), agterna roep.

> *"… die koninkryk van God was nie net Christus se laaste gedagte nie, maar ook die eerste wat Hy in die midde van mense hier op aarde laat."*

Die kinders hardloop asof hulle bang is dat hulle 'n vliegtuig gaan mis. Wat inderdaad so is, want vir Pinkster het kollega Janke die jeuglokaal omskep in 'n vliegtuig, kompleet met 'n "Check-in desk" en paspoorte vir 'n reis met die Evangelie om die wêreld. Vir 'n oomblik glimlag ek en dan probeer ek onthou wanneer laas ek so opgewonde was om 'n erediens by te woon. Wanneer het my eie opgewondenheid oor die ontmoetingsgebeure met die lewende Christus in die erediens, bloot 'n gewoonte geword, nog 'n lewelose afdruk van die vorige?

Die *"groen tyd"* of Koninkrykstyd tussen Pinkster en Advent *"impliseer allermins dat díe tyd van die jaar liturgies gesproke 'n feeslose tydperk is"*. Wanneer ons mooi daaroor dink, behoort geen erediens ooit *"'n tyd van kleurlose, leë, dooie formalisme en gelykmatigheid te wees nie"*. Só skryf dr Louwrens Strydom in sy boek, *Sing nuwe sange, nuut gebore – Liturgie en lied*. Koninkrykstyd is 'n tyd van groei, van lewe. Elke Sondag is vir Christene 'n viering van die opstanding van ons Here, dit bly altyd 'n fees.

So van 'n laaste gedagte gepraat – wat was die laaste dinge waaroor die opgestane Here met sy dissipels gepraat het? Handelinge 1:3 vertel dat die inhoud van Jesus se gesprekke in daardie 40 dae tussen die opstanding en die hemelvaart, die sake van die koninkryk van God was.

**Lees meer »**



# KONTAK ONS

## REDAKSIE

### SAMESTELLERS

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

### LUISTER-ARTIKELS

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

### PROEFLESERS

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2024 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



**NG KERK VRYSTAAT** | **© 2024**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING